# VERF: AARTAPPEL SNEEUMAN

Die leerder gaan n sneeuman verf deur n aartappel te gebruik.




Benodighede vir die aktiwiteit

1. Aartappels in die helfte gesny.
2. Wit verf.
3. Papierbord om verf op te sit.
4. Stokkies.
5. Karton: swart en oranje.

**STAPPE**

1. Die leerder neem die halwe aartappel en druk dit in die wit verf in.



2. Die leerder druk dan die aartappel op die papier en maak drie sirkels vir die sneeuman. Daar is verskillende groottes aartappels om verskillende grote sirkels te maak.



3. Die leerder versier dan die sneeuman. Hy/sy kan ogies en n neus vir die sneeuman maak. Die leerder kan die stokkies gebruik as arms en die leerder kan die karton in sirkels sny om vir hom knopies te maak.





# COLLAGE: SNEEUMAN

Die leerders gaan n sneeuman uit watte uit maak.



Benodighede vir die aktiwiteit

Watte.
Verskillende lappe.
Blinkers.
Verskillende kleure karton.
Hout stokkies.
Blinkers.
Krale.
Sker.

Stappe om die sneeuman te maak.

1. Die leerder smeer die gom op die papier en plak dan die watte in die vorm soos hy/sy die sneeuman wil he.
2. Die leerder maak dan vir die sneeuman arms, oe, neus en n mond.
3. Die leerder kan dan die sneeuman verder versier deur vir hom klere aan te trek of knopies op te plak ensovoorts.





# KLEI RESEP : WINTER - SNEEUMAN




Die leerders gaan hul eie sneeuman maak met wit klei.
Benodighede vir die klei aktiwiteit:

1. Klei resep.
2. Wortel.
3. Stokkies.
4. Chocolate chips.
5. Ander versierings, byvoorbeeld: lappe, ogies, knopies, blinkers ensovoorts.

**Sagte sout speel klei/deeg**


*Jy benodig*
2 koppies meel (koek of brood)
1/2 koppie sout
1 teelepel kookolie
1/2 koppie water
kleursel

*Maak so*
1. Meng die water en die olie.
2. Meng die meel en die sout in die bogenoemde mengsel.
3. Knie tot dit soos brooddeeg raak.
4. Indien nodig, voeg nog water by.
5. Voeg kleursel by.
6. Knie weer tot 'n brooddeeg en speel.
7. Bewaar dit in 'n lugdigte houer of plastiek sakkie om dit sag te hou.

Stappe om die sneeuman te maak:




1. Laat die leerders die klei neem en klomp balle maak met die klei.




2. Gee vir die leerders wortels, stokkies, chocolate chips om hul sneeuman mee te versier.
3. Jy kan ook ekstra versierings soos lappe, ogies, knopies en blinkers op die tafels sit as die leerder nog kreatiewe maniere het om sy sneeuman mee te versier.



# KLEI: WINTER - SNEEU KLEI




Die sneeu klei is 'n sensoriese aktiwiteit vir die kinders. Die onderwyser kan dit verryk deur ekstra speelgoed vir die leerders te gee byvoorbeeld: Ysbere, pikkewyne ensovoorts.

Benodighede vir die aktiwiteit:

1. Sneeu klei resep.
2. Speelgoed vir die sneeu klei.

Recipe for Snow Dough:

2 cups corn flour (corn starch in US)
1/3 to 1/2 of a cup vegetable oil
3-4 tablespoons silver glitter

[You can also use baby oil, which makes it smell and feel even nicer, but do NOT use with under 3s or any child who may put it in their mouth as it is dangerous if ingested. We stick to vegetable oil just incase!]

This recipe does not create a huge amount of snow dough, just enough to cover the base of a washing up bowl by about 2 inches. If you want more for a larger scale sensory tub, then increase the quantities accordingly.

# VERF: LENTE BOOM

Die leerders gaan hul eie lente boom maak deur die onderkant van 'n koeldrankbottel in verf te druk en dan op die papier. Dit lyk soos lente blommetjies.



Benodighede vir die aktiwiteit:


1. Koeldrankbottel.
2. Pienk verf.
3. 'n Wit bladsy.
4. Bruin verf.

**Stappe:**

1. Die leerders verf eers 'n boomstam op die papier.



2. Die leerders neem die koeldrankbottel en druk dit in die pien verf.



3. Die leerder druk dan die koeldrankbottel op die papier op hul boomstam en maak hul eie lente boom.



# PLAK: LENTEBOOM

Die leerders gaan hul eie lenteboom bou.




**Benodighede vir die aktiwiteit:**

1. Stokkies.
2. Bloeisels.
3. Blare.
4. Gom.

**Stappe:**

1. Die leerders gaan na buite en kry blare, stokkies en bloeisels.
2. Die leerders plak dan die stokkies, blare en bloeisels en vorm hul eie lenteboom.



# BOKSKONSTRUKSIE: HERFS BOME

Die leerders gaan herfsbome maak uit toiletrolle.




**Benodighede vir die aktiwiteit**

1. Toiletrolle.
2. Sker.
3. Gom.
4. Verf - herfs kleure: rooi, bruin, geel en oranje.
5. Herfs blare.

**Stappe om die herfs boom te maak:**

1. Die leerders gaan tel herfs blare buite op.
2. Die leerder neem die toiletrol en sny repies in die rol om takke vir die boom te maak om die blare aan vas te sit.
3. Die leerder plak dan die blare aan die boom vas.
4. Die leerder verf nou die boom en versier die boom.



# VERF: BLAAR AFDRUKKE




Die leerders gaan blaar afdrukke op papier maak.

**Benodighede vir die aktiwiteit:**

1. Verskillende herfs blare.
2. Verwe wat die herfs kleure is : rooi, geel, oranje en bruin.
3. Kwaste.
4. Groot velle papier.







**Stappe om die aktiwiteit te doen:**

1. Die leerders verf die bo en die onderkant van die blaar en druk dit op die papier.
2. Die patrone van die blaar sal dan op die papier wees.
3. Die leerder herhaal dit met klomp blare en maak 'n mooi prent.






# VERF: SEISOENE




Die leerders gaan hul eie seisoen bome verf.



**Benodighede vir die aktiwiteit:**

1. Bruin papier hand.
2. Grys papier.
3. Verskillende kleure verf.
4. Oorstokkie.
5. Gom.

Die onderwyser knip klomp bruin hande uit. Dit stel die stam van die boom voor. Die onderwyser gee slegs een bruin hand vir elke leerder, omdat sy slegs een tema per dag in diepte met die leerders gaan behandel, byvoorbeeld vandag behandel die Juffrou somer.

**Stappe om die bome te maak:**

1. Die leerders plak hul bruin hande op die grys papier.

2. Die leerders neem die oorstokkie en begin hul bome verf.

3. Die leerder druk die oorstokkie in die verf en druk dit dan op die papier.





# TEKEN: BLAAR PATRONE




Die leerders gaan met vetkryte oor blare teken om 'n blaar patroon op die papier te maak.

**Benodighede vir die aktiwiteit:**

1. Verskillende herfs blare.
2. Verskillende kleure kryt.
3. Wit papier

**Stappe om die blaar Patrone te maak:**



1. Die leerders neem die papier en vat 'n blaar en sit dit onder die papier.
2. Die leerder neem 'n kryt en kleur oor die blaar in.
3. Die blaar se patroon gaan dan op die papier wees.
4. Die leerders kan ook prentjies maak met die blaar patrone. Byvoorbeeld:



